Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, February 05, 2023

Page: 16

# Pasop vir die geldhiënas

## Werk hulle vir jou of vir die instelling wat jou geld wil hê?



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**



'Nico, hier's 'n hiëna," hoor ek my vrou roep een aand net toe ons begin regmaak om in die tent te kruip.

Ons was op 'n plek in Botswana waar die wilde diere vry rondloop.

Ek stap nader en daar staan vroulief en hiëna mekaar en aankyk. Op so drie meter. Toe ek nader staan voel hiëna se kind duidelik nie meer lus vir die kyk-vir-mekaar-speletjie nie en gee pad.

Dit is een van my hiëna-stories uit baie jare se boservaring (ek het ook leeu-stories, olifant-stories en selfs luiperd-stories). Maar waarby ek vandag wil stilstaan is 'n hiëna-storie van 'n ander soort. Oor die een wat ek noem die geldhiëna.

Die groot verskil?

Die gevlekte hiëna herken jy maklik.

Hy lyk en loop en gedra homself soos 'n hiëna.

Die geldhiëna is 'n ander storie. Hy lyk soos ek en jy. Baie keer ongelukkig ook nog met 'n kerkverwantskap.

Maar daar is tog een of twee kenmerke, meen ek, waarop jy bedag kan wees om jou te waarsku.

Dink aan Rooikappie. Al het wolf hom in Ouma se klere onder die kombers toegewikkel, het sy hom aan sy lang ore en tande herken.

Dit is die kern van ons gesels vandag: Wat is die kenmerke van 'n geldhiëna?

**Wees bedag op jou agent se eienskappe**

Ons het almal gehoor van Ponziskemas. En piramideskemas. En ons lees elke nou en dan van hoe mense miljoene rande verloor het in hierdie en ander bedrieglike beleggingskemas.

En dit gebeur weer en weer. Dieselfde storie. Hoekom?

As jy jou oë oophou sal jy bedrieglike skemas herken (*kyk die kassie hiernaas*).

Net soos wat my vrou die hiëna herken het. Net soos wat Rooikappie die wolf herken het.

Dis die agent wat jy nie herken vir wat hy is nie waaroor jy jou moet bekommer.

Die een wat jou raad gee. Die een wat die belegging vir jou doen.

Dit is waar jou eintlike risiko lê. Hierdie agent kom nie met kolle op sy lyf en 'n skelm lag nie. Hy kom nie met groot ore en skerp tande nie.

Hy kom in die vorm van jou makelaar of finansiële raadgewer. En baie keer met die oënskynlike seën van 'n groot bank of versekeraar onder wie se naam hy sake doen.

'n Leser het juis einde verlede jaar laat weet van familie wat al hul geld verloor het met 'n piramideskema. En dit was die (groot en bekende) bank se finansiële raadgewer wat hul geld daarin belê het.

**Hoe beskerm ek myself?**

Die vraag is hoe pantser jy jouself teen sulke skelms? Skelms wat lyk na allesbehalwe 'n skelm.

Dink. Dink. En dink weer.

Vra jouself af, wie se agent is hierdie persoon? Is hy my agent of is hy die agent van die instelling waar hy my geld wil belê?

Nou, ek besef hierdie is 'n uiters sensitiewe punt wat ek aanraak, want daar is baie goeie en eerlike finansiële raadgewers wat vir versekeraars werk.

En dan natuurlik is daar die manier waarop die bedryf saamgestel is. Dit is 'n verkoopsbedryf. Dit is nie 'n adviesbedryf nie. Die stelsel werk uit die staanspoor teen jou.

Hoe waardevol gaan jy jou dokter se diagnose ag as die ondersoek en die behandeling gratis was? En die dokter word slegs vergoed deur kommissie te verdien op die medisyne wat hy voorskryf?

> **Dis mos so goed as om 'slagoffer' op jou voorkop te skryf.**

Gaan ons nie almal 'n spul siekes wees met kaste vol medisyne nie?

Dink nou weer oor my punt van wie se agent is daardie persoon wat vir jou finansiële raad gee.

**Pasop vir gierigheid**

Daar gaan byna nie 'n week verby nie dat ek 'n navraag kry van iemand wat sê sy makelaar (of die bank se adviseur) bied 'n sekere opbrengs op sy geld, wat kan ek hom bied?

Dis mos so goed as om "slagoffer" op jou voorkop te skryf, mens. As hy in wettige produkte belê, trek hy eenvoudig 'n grafiek van een of ander fonds wat in die verlede die spreekwoordelike ligte uitgeskiet het en siedaar, hy kry 'n belegging waaruit hy kommissie kan kry.

Pasop ook vir die ouens wat in bedenklike of oneerlike skemas belê om vir jou eweneens groot opbrengste te wys.

Ja, en terwyl ek op die punt is, moenie liggelowigheid as verskoning gebruik nie. Liggelowigheid in hierdie konteks is bloot die jonger sussie van gierigheid. Hulle loop hand aan hand.

**Niks is gratis nie**

Wees baie versigtig as jy uit die bloute genader word met gratis advies. Hoekom sal enigeen vir jou finansiële raad wil gee as daar nie 'n kommissiemotief in is nie? Lees weer hierbo die punt oor die dokter.

Kies self jou finansiële raadgewer.

Maak seker hy is jou agent en nie die agent van 'n ander instelling wat bloot agter jou geld aan is nie.

Kom ooreen hoe jy hom gaan vergoed en waarvoor.

Daar is nie iets soos gratis finansiële raad nie.

Niemand werk verniet nie.

Is daar 'n manier om die wolf onder die kombers uit te ken as 'n wolf of die hiëna onder sy blink gewaad?

As jy die punte wat ek hierbo noem ernstig opneem en daarvolgens jou finansiële raadgewer kies (teenoor een wat vir jou kies), behoort jy nie te veel van 'n probleem te hê nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.**

### Bedrieglike beleggingskemas

Die Suid-Afrikaanse Bankrisiko-inligtingsentrum (Sabric) het 'n insiggewende lys saamgestel oor hoe om bedrieglike beleggingskemas, die sogenaamde Ponzi- en piramideskemas, uit te ken. Ek leen daaruit.

Die algemene kenmerk is dat opbrengste aan vroeëre beleggers betaal word uit die beleggings van nuwe beleggers. Dit is eenvoudig nie volhoubaar nie.

**Algemeen**

■ Die belofte van groot opbrengste. Soms onmiddellike opbrengste.

■ Die vereiste om nuwe "lede" te werf. En dan in die "wins" te deel.

■ Die eenkeer-in-'n-leeftyd-geleentheid, met 'n dubbelsyfer-opbrengs.

■ Beloftes oor hoë opbrengs sonder risiko (die twee is eenvoudig nie versoenbaar nie). Kortom, as die beloofde opbrengs te goed is om te glo, is dit byna vir seker 'n bedrogspul.

**Ponziskemas**

■ Belowe groot opbrengste, sommer op kort termyn (betekenisvolle opbrengs kom met tyd).

■ Kyk uit vir vals kwalifikasies en verwysings, soms ook met 'n "ervare" prokureur om status aan die skema te verleen.

■ Pasop vir gewaarborgde opbrengste (geen opbrengs is gewaarborg nie).

**Piramideskemas**

■ Weer, hoë opbrengste word belowe op kort termyn.

■ 'n Aanvangsbedrag word gevra om deel te kan neem.

■ Daar word verwag dat jy nuwe lede sal werf.

■ Die bestaan van lidmaatskap-kategorieë, afhangende van jou "status".

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.